Maandag 26 Oktober
Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:5-11
Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:10
Geroep tot heerlikheid

Die gelowiges in die tyd waarin Petrus skryf, het dit nie maklik nie. Hulle is eintlik maar tweederangse burgers wat nie eintlik op enige regte en voorregte kan aanspraak maak nie. Petrus bemoedig en vermaan hulle egter om nie reg in eie hande te neem nie, maar dat hulle in nederigheid hulle moet onderwerp en selfs ly ter wille van die evangelie van geregtigheid.

Dit beteken nie dat Petrus geen empatie met hulle omstandighede het nie. Inteendeel, hy bemoedig hulle om ordelik in hulle gemeentes saam te kom en hulle onder die Here te buig. Die duiwel sal met sy aanslae kom en hulle wil verlei, maar hulle moet hom teëstaan terwyl hulle weet dat hulle broeders en susters oor die hele wêreld in hierdie aanslae deel. Petrus se bemoediging strek verder as net dit wat hulle daagliks ervaar en moet hanteer. Hy praat hulle moed in met die oog op die heerlikheid wat daar by die Here is. Hulle is immers geroep tot heerlikheid.

Dit is hierdie roeping wat 'n besondere bemoedigende boodskap vir die Here se kind inhou. In die heilsorde verwys roeping na die feit dat die mensdom deur die verkondiging van die evangelie geroep word tot geloof in Christus. Nie almal wat geroep word, gee gehoor nie, maar dit mag nie die uitdra van die evangelie keer nie. Dit is net die uitverkorenes wat onder die leiding van die Heilige Gees op hierdie roeping sal ag gee. Die inhoud van die evangelie wat oor die aarde gehoor moet word, verkondig die heerlikheid van Christus wat Koning is oor alle dinge (Matt. 28:19). Hy het alle magte aan Hom onderwerp, en nou sal Hy sy kinders versterk en grondves. Al ly hulle nog 'n kort tydjie, sal die ewige heerlikheid eindelik hulle deel wees.

Wat 'n geweldige troos vir ons! Ons het die roeping van die evangelie gehoor. Ons sal nie loskom van die lyding in die wêreld nie, en die duiwel sal nie sy aanslae op ons verflou nie, maar ons is geroep tot heerlikheid, daarom sal ons versterk en gegrondves in Christus se krag weerstand kan bied.

*Sing: Psalm 68-1:2*

*Dr. C (Christiaan) Jooste (Magol)*